# Riana Fourie, *neé Oberholster*



Na matriek gaan studeer ek aan die Tegnikon Pretoria, ou kampus in Kerkstraat.  Ek, Adri en Esme pak die 3 jaar sekretariele kursus saam aan.  Ek onthou hoe ons drie aan die begin trein moes ry!  Met ons nou navy/maroen rompies en hakkie- hofskoene (dit was ons gepligte drag)  het ons telkemale gehardloop om die trein betyds te kry.  Gewoonlik het ons gestap tot by Kerkplein en vandaar 'n bus geneem na die Pretoria Stasie.  My ma het my altyd by die Irene stasie gekry, met die dat ons altyd betyds moes wees, kommunnikasie was slegs per telefoon!!

Ons het gereeld Vrydae by Tuks manskoshuise gaan dans, en ek ontmoet my man Frik, by huis Taaibos.  Hy was in die Lugmag.  Ons trou einde 1990 en woon 'n jaar in Sandton vir Frik se sudies en trek in 1991 Welkom toe.  Daar was ons vir 9 jaar!  Erick word in 1995 gebore en 2 jaar daarna Dewald in 1997.  Ek was baie dankbaar die dag toe die myn Frik oorgeplaas het Klerksdorp toe.  Ons het daar ons eerste huis gebou en daar gebly vir 7 jaar baie gelukkig jare.  My pa Dawie is in die tyd oorlede, was maar 63 jaar oud, heeltemal te vroeg en tot vandag 'n groot gemis in ons lewe.  Ons verhuis in 2008 Johannesburg toe.

Ons het in Eagle Canyon gewoon vir 13 jaar, die seuns was in Monument Hoerskool! Augustus  2014 word ek met  borskanker  gediagnoseer . Dit was 'n moeilike tyd in

ons lewe, maar na ’n suksesvolle mastektomie, rekontruksie en chemo, het dinge weer “genormaliseer”.  Ons  seun Erick is 3 jaar gelede getroud met Hermione en hulle woon tans in Clarens waar hy besig is met ’n projek.  Ons wag nog geduldig vir kleinkinders en geniet intussen die honde kinders (2 Pointers). Dewald woon en werk in Centurion en is nog ongetroud.  My ma is, verlede jaar,  op 84 jarige ouderdom oorlede. Ons koester elke geleentheid saammet familie en vriende en kan net elke dag met dankbaarheid terugkyk op ’n vol lewe en baie goeie herinneringe.

Ons het 4 jaar in Fairland gebly,  Frik het aan die einde van 2023 afgetree.  Ons het 7 jaar gelede huis gebou in Knysna  met die doel om eendag  dit ons permanete woning te maak.  Hierdie besluit is Julie, hierdie jaar, deurgevoer en is ons nou voltyds in Knysna.  Ons betree nou die nuwe fase van ons lewe…….

Groete tot ons mekaar sien by die reunie!
Riana